**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak nr: 1103/2005

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**PASEKA WILLIAM MOHOBOKO**

---

**CORAM:** BECKLEY, R *et* KRUGER, R

---

**UITSPRAAK:** BECKLEY, R

---

**GELEWER OP:** 11 MEI 2006

---

[1] Die beskuldigde het in die Landdroshof van Botshabelo tereg gestaan op 'n aanklag van diefstal van 'n selfoon ter waarde van R1 999, sowel as twee aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Na skuldigbevinding is hy as volg gevonnis:

1. Op die diefstal aanklag, tot 18 (agtien) maande gevangenisstraf;

2. Op aanklag 2, dit wil sê die eerste aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer, tot 2 (twee) jaar gevangenisstraf; en

3. Op die laaste aanklag, naamlik ook een van aanranding met die opset om ernstig te beseer, tot 3 (drie) jaar gevangenisstraf.

Daar is geen bevel gemaak dat enige van die vonnisse samelopend uitgedien moet word nie, wat derhalwe beteken dat die effektiewe vonnis wat die beskuldigde opgelê is, een van 6½ jaar gevangenisstraf is.

[2] Nadat die landdros gevra is vir aanvullende redes rakende die opgelegde vonnisse en hy daarop geantwoord het, het Lacock R 'n verdere navraag gerig rakende die grondwetlikheid van die bepalings van Artikel 4(3)(a) van die Wet op Gevaarlike Wapens, Wet no. 71 van 1968. Volledigheidshalwe is die Direkteur van Openbare Vervolgings ook versoek om kommentaar te lewer rakende die grondwetlikheid van voormelde artikel. In antwoord het die Direkteur van Openbare Vervolgings daarop gewys dat 'n soortgelyke navraag gerig is deur Schoeman R van die

Transkeise Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika en is die posisie huidiglik dat die navrae wat in die Transkei gerig is, in die afsienbare toekoms beslis sal word deur 'n Volle Regbank van daardie Afdeling.

[3] Die Direkteur van Openbare Vervolgings stel egter voor dat die huidige saak afgehandel kan word sonder om oor die grondwetlikheid van Artikel 4 te besin aangesien die opgelegde vonnisse na sy mening treffend onvanpas is. Die voorstel van die Direkteur van Openbare Vervolgings is dat die vonnis op die aanklag van diefstal gewysig word deur te beveel dat ses van die agtien maande gevangenisstraf opgeskort word op gepaste voorwaardes en dat die vonnisse opgelê ten opsigte van aanklagtes 2 en 3 samelopend uitgedien word.

[4] Wanneer gelet word op die persoonlike omstandighede van die beskuldigde, meen ek dat die voorstel van die Direkteur van Openbare Vervolgings gevolg behoort te word. Die beskuldigde was tydens die pleging van die onderhawige

misdrywe 'n eerste oortreder, 22 jaar oud, werkloos en met een minderjarige kind wat hy moes onderhou. Sonder om die persoonlike omstandighede van die beskuldigde te oorbeklemtoon, is ek derhalwe van mening dat die onderhawige saak afgehandel kan word sonder om op hierdie stadium oor die grondwetlikheid van die betrokke artikel te besin en dat die vonnisse in ieder geval vervang moet word met vonnisse wat in ooreenstemming is met die aanbeveling van die Direkteur van Openbare Vervolgings, aangesien die kumulatiewe effek van die vonnisse treffend onvanpas is en inmenging regverdig.

[5] Die skuldigbevindings word bygevolg bekragtig. Die vonnis opgelê ten opsigte van aanklag 1 word ter syde gestel en vervang met 'n vonnis van 18 (agtien) maande gevangenisstraf waarvan 6 (ses) maande gevangenisstraf opgeskort word vir 'n periode van 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of poging tot diefstal gepleeg gedurende die periode van opskorting nie. Die vonnisse van 2 en 3 jaar

opgelê onderskeidelik ten opsigte van aanklagtes 2 en 3 word bekragtig, maar word gelas dat voormelde vonnisse samelopend uitgedien moet word. Die vonnisse moet ingevolge Artikel 282 van Wet no. 51 van 1977 geag wees opgelê te gewees het op 16 Augustus 2005.

**A.P. BECKLEY, R**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

/em